
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

WEBSITE: www.stangerchristiancentre.co.za E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

DIE VERBRYSELD VAN HART

Die bediening hier op Stanger vanuit die Christelike Sentrum het begin met die klem op die genesing van liggaamlike siektes en kwale deur die Wonderwerkende Krag van God se Heilige Gees. Ons het probeer om die begrip van God se oneindige liefde oor te dra, en dat dit God se wil is om mense heel en gesond te sien, dit was nog nooit Sy wil dat Sy kinders siek en swak moes wees nie. Ons het ook nog altyd die belangrikste aspek van wedergeboorte beklemtoon, naamlik dat berou oor sonde, vergifnis en die wedergeboorte in Jesus Christus absoluut noodsaaklik is vir volmaakte genesing. Die mens se liggaam, siel en gees is onafskeidbaar, en Vader God begeer om die hele mens te genees. Die siel bestaan uit die verstand emosies en wil. Die mens het 'n vrye wil ontvang en gebruik dit om keuses mee te maak. God maak nie 'n keuse vir ons nie en die menslike wil is 'n verbode gebied vir Satan. Ons keuses berus by onself.

Die keuses wat ons maak is ons eie verantwoordelikheid. Niemand kan vir jou of vir my 'n keuse maak nie. God het ons geleidelik gewys, dat die meeste van Sy kinders (en dit sluit baie opregte getroue mense in), rondloop met wonde en seerplekke diep in hulle emosies en siele as gevolg van onvergifinis. Hierdie neiging steek keer op keer kop uit, met die gevolglike pyn en ongelukkigheid, sodat dit vir hulle onmoontlik is om 'n oorwinnende geestelike lewe te lei. Dit is vir hulle onmoontlik om 'n vreugdevolle, gelukkige beeld tot die eer van Jesus Christus te vertoon. Hierdie behoefte het ons harte aangegryp, en indien jy so 'n behoefte het, wil ons jou verseker dat hierdie artikel jou na waters waar rus is sal lei, sodat jou lewe herstel en verkwik sal word en jy by magte sal wees om 'n nuwe lied te sing deur God's Woord en Jesus Christus ons Verlosser. Dieselfde Heilige Gees van God, wat fisiese genesing vir ons liggame bring, is by magte om dieselfde vir ons emosionele beserings te doen, dit hang egter af of ons gehoorsaam is aan die bevele en instruksies van Vader God in Sy Woord, die Bybel, sodat die kettings van die pyniger, Satan in jou lewe gebreek kan word.

In die eerste openbare boodskap van Jesus se Bediening het Hy gesê dat Hy nie net gekom het om liggaamlike siektes te genees nie, maar ook die wat gebroke van hart is en om die gevangenis vry te maak "……**omdat Hy** My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. **Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees, om aan gevangenis vrylating te verkondig "(Luk. 4:18 en 19)** Hierdie is nie alleenlik geestelik genesing nie, maar is ook innerlike genesing, en Jesus het aarde toe gekom om hierdie seer ook te genees. 'n Siek hart word deur Jesus beskryf as die bron van alle onrein, menslike boosheid (Matt.15:18 en 19). Daarom is 'n gesonde hart die bron van seëninge in 'n persoon se lewe! Geen nuwe ontdekking of politieke rigting of kerklike leerstelling is so belangrik as die suksesvolle genesing van 'n hart deur sy verlede in perspektief te plaas in die lig van God's ewigheid. Deur innerlike genesing kan die eensame vrygemaak word van sy gevangenisskap. Die neerslagtige of dan depressiewe persoon kan lig ontvang in sy swaarmoedigheid. Die wat voel dat niemand hulle lief het nie sal aanvaarding ontvang en die vermoë om met liefde te gee en te ontvang. Die wroeging van skuld wat onuitwisbaar blyk, word verwyder. Wanneer ons bevry is van alle onderdrukkende skadelike herinneringe sal ons besef dat Skrif gerigte gedagtes magtiger is as die vyand sin, omdat die Bybel God se geskrewe Woord is en Jesus Christus is die Lewende Woord (Joh.1:14) Innerlike genesing is die *herskepping* van die mens.

Gedagtes, emosies, pynlike herinneringe en seer word gevange geneem en in lyn gebring met die Woord van God, onder die Heerskappy van die Here Jesus Christus. Dit is die proses van die bevryding van gevoelens van minderwaardigheid, verwerping, selfbejammering, depressie, skuld, vrees, hartseer, haat, berou, veroordeling en waardeloosheid deur middel van vergifnis, gebed en deur elke gedagte gevange te neem tot die Woord van God en te kies om jou denke te vernuwe deur die Woord van God.

Rom.12:2 sê: "En word nie aan hierdie

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die verbryseld van hart……)

wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is."

Innerlike genesing is dus die vernuwing van jou denke aangaande jouself en andere. Dit is die reiniging deur die Woord en die Gees van God. Jesus het in Joh.14:27 gesê: **"Vrede laat Ek julle na, vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat jou hart nie ontsteld word en bang wees nie."**

In Jes.53:5 lees ons van Jesus **"Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom."**

Jesus red ons van ons sondes! – "Geestelike genesing.' Hy bring vir ons vrede – "Innerlike of emosionele genesing", en Hy genees ons liggame – "Fisiese genesing." Jesus wil hê dat ons volkome moet wees!

Om innerlike genesing te ontvang moet ons die volgende weet en doen: Bely ons sondes, veral die sondes van onvergewingsgesindheid en het berou daaroor. Aanvaar en verstaan die volle prys wat Jesus aan die kruis betaal het sodat ons oorvloedige lewe kan hê. Deur Sy gestorte bloed het Hy Satan aan die kruis verslaan sodat ons verlos kon word van alle bindinge en vloeke waarmee Satan ons wettiglik gebind het. Dit is gebreek en ons moet deur geloof die vryheid ontvang wat ons nou as dissipels van Jesus en kinders van die Allerhoogste God het. Na gebed vir genesing en bevryding moet ons wandel soos Jesus gewandel het deur die vernuwing van ons verstand en denke deur die Woord van God te lees en dit te gehoorsaam.

Want die Woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart (Heb.4:12)

Dit is soos 'geestelike snykunde' waartydens 'groeisels' van vrees, haat, woede, jaloesie, afguns, selfbejammering, onvergewensgesindheid, en bitterheid. Jesus is die Geneser. Daar is van Hom geskryf in Jes. 61:1-3: **"Die Gees van die Here is op My omdat die Here My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides, opening van die gevangenes, om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die Here en 'n dag van die wraak van onse God, om al die treurendes te troos: om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugdeolie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees: sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die Here, tot sy verheerliking!"**

Kyk net hoe pragtig som God innerlike genesing in hierdie gedeelte van die Skrif op, en dan herhaal Jesus dit weer wanneer Hy van Homself praat in Luk. 4:17-19. Jesus is die Gesalfde wat troos en verbind en vry maak!

'n Dierbare vriendin van ons gesin het bitter min liefde van haar vader ontvang as kind, wat 'n groot ongelukkige leemte in haar lewe gelaat het. Sy het verwag dat na haar huwelik, haar man hierdie leemte sou vul, maar tevergeefs, want haar man was nie haar vader nie en kon glad nie die plek van haar vader inneem nie.

Sy het egter haar hart aan Jesus gegee en is wedergebore deur die Gees van God, en Jesus het hierdie leemte in haar hart gevul deur die Heilige Gees. Hy sal elke leemte vul, Hy sal in elke behoefte voorsien. Hy sal alles vir ons wees, 'n vader, 'n moeder, 'n vriend en selfs 'n man (Jes.54:5). Jesus sal alle pyn, verdriet, ou gedagtes en gedagte patrone wat pyn veroorsaak weg neem, en hulle sal hul mag om seer te maak verloor. Vandag is ons vriendin vol blydskap, sprankelend, tevrede en het sy vrede binne haarself en met andere. Dit is nie omdat haar man verander het nie, maar omdat Jesus in haar innerlike behoefte voorsien het en haar herstel het.

Deur gebed en gehoorsaamheid aan God's Woord, sal Jesus die Geneser elke wond genees deur Sy Heilige Gees, en sal Hy elke pynlike gedagte en herinnering uit vee. Soms bly die herinnering maar dit sal nie meer pynlik wees nie. Hy verdoof die pyn en die diep wond. Die olie van die Heilige Gees genees die seer plek.

Hy reinig ons en gee aan ons Sy vrede. Kol. 2:11-15 gee 'n pragtige beskrywing van hierdie sny -proses.

Jesus is die enigste Een wat ons hartseer kan wegneem deur die innerlike mens te genees en Hy sal dit doen as ons:

1.Vrygemaak wil wees van Satan se gebondenheid.

2.Ons begeer om bevry te word van ou gedagte patrone.

3.Ons begeer om heel en nuut te wees.

4.Ons begeer om vry te bly sodat ons Hom kan dien en 'n getuie vir Hom te wees sodat andere Hom kan leer ken en vrygemaak kan word!

Jesus Christus is gister en vandag dieselfde, en tot in ewigheid(Heb.13:8)

Hy word nie gebind deur tyd en ruimte nie. Hy ken ons pyn en behoeftes.

Hy wil hê dat ons in die teenwoordige tyd, vandag moet lewe en nie in die verlede nie. Filp.3:13 en 14 sê **"Broeders, ek reken nie dat ek dit self begryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."**

Sekere mense geniet dit om in die verlede te leef, hulle herleef al die seerkry van die verlede en word regte martelare, Jesus kan nie sulke mense help nie, omdat hulle nie die verlede wil los en aangaan nie. Indien ons innerlikke vrede wil hê, moet daar 'n begeerte vir herstel by ons wees. Hy is getrou en by magte om dit 'n werklikheid in ons lewens te maak. Lees Kol.1:13-14 om dit te bevestig: **"Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van Sy liefde, in wie ons die verlossing het deur Sy bloed nl. Die vergifnis van die sondes"**

Dit is baie duidelik dat as jy jou tot Vader God bekeer en Jesus toelaat om jou Verlosser

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die verbryseld van hart…)
Saligmaker en Here te wees, Sy kosbare Bloed jou van alle sonde sal reinig(1 Joh.1:9). Ons moet egter besef dat ons siels vyand sal probeer om alle soorte gedagtes en idees in ons denke te plaas, wat natuurlik teenstrydig met die Woord van God is. Hy probeer om ons geloof in God te steel, nie net ten opsigte van ons verlossing en bevryding nie, maar ook deur teëspoed en ons te frustreer, sodat ons oneffektiewe Christene word. Dit is so onnodig, omdat ons Hemelse Vader in Jesus Christus vir ons 'n volmaakte weg gegee het.

Innerlike genesing is nie net om in die verlede te delf en smerige besonderhede op te grawe nie! Dit is nie om te sien hoeveel gemors ons kan onthou nie! Dit gaan oor die weggooi van die gemors wat daar is. Dit is om die Lig van die Evangelie van Vrede in Jesus Christus toe te laat om in al die donker areas te skyn, waar Satan al die seer en pynlike wrokke en bitterheid weggesteek het. Dit is die vergifnis en loslaat van die dinge van die verlede.

Ons dink dikwels " uit die oog, uit die hart" wanneer dit kom by onvergifnis en bitterheid en verhoudings van die verlede. Hierdie manier van dink is egter dieselfde as om artikels te vergaar in 'n hoekie of kas. Wanneer die deur toe is sien ons nie die deurmekaar spul nie, maar uiteindelik, wanneer ons die kas oorlaai het, tuimel alles uit sodra ons die deur oopmaak. Dieselfde beginsel geld vir ons verstand. Ons kan aanhou om gemors soos vrees, onvergifnis, ongeloof, skuld en bitterheid in ons gedagtes en verstand te druk en te glo dat dit ons nie sal pla nie. Dit veroorsaak egter verrotting in ons, wat ons beïnvloed en besoedel, wat daartoe lei dat ons in die vlees reageer, teenstrydig met God se Wil en Woord. Vrees of ongeloof kan wel te voorskyn kom wanneer ons dit die minste verwag.

Daar is sovele van ons wat deur die lewe gaan besig om te stry met "As dit maar net…." Of "sê nou maar net…" Iemand het gesê ons moet twee woorde uit ons woordeskat verwyder nl. ***Nooit*** en ***altyd.*** **"** Ek doen ***nooit*** iets reg nie." "Ek misluk ***altyd***." "Jy doen ***nooit*** dit of dat nie!" "Jy maak ***altyd*** so of so." God's Woord belowe vir ons bevryding van hierdie ou gevestigde slegte gewoontes.

Bevreesde en gefrustreerde mense verorber groot hoeveelhede drank, senumiddels en slaappille in 'n poging om hul verlede uit te wis en hul vrees vir die toekoms. Miljoene rand word spandeer deur besoeke aan dokters en sielkundiges. Ons loof God vir Christen dokters en verpleegsters. Lukas was 'n medikus(dokter) en geïnspireer deur die Heilige Gees het hy aan ons die Lukas Evangelie en die boek Handelinge gegee. God het medisyne geskep en vir die mens die intelligensie en vernuf gegee om dit te gebruik, maar Goddelike genesing is God die heel beste. Dokters behandel, Jesus genees.

Dikwels behandel dokters die simptome, maar Jesus wil die oorsaak genees. Jesus is die Groot Geneesheer – Hy alleen kan ons volkome genees en ons herstel. Hy wil ons gebroke harte genees. Waar daar verstandelike verwarring is, wil Hy vir ons helderheid gee. Waar daar vrees is, begeer Hy om ons te bemoedig en ons vrede te gee. 2 Tim. 1:7 sê vir ons: **"Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing!"** (Lees ons boek "*Vry van Vrees*".)

Ons Hemelse Vader wil gebroke verhoudings herstel, Hy wil verbrokkelde huwelike herbou. Hy begeer dat ons gesonde verhoudings met ander moet hê. Soos ons begeer dat hulle ons sal liefhê, om in staat te wees om andere te vergeef soos dit van ons verwag word. Hy wil hê dat ons die persoon moet wees soos Hy ons geskape het om te wees. As ons in een woord die resultate van innerlike genesing kan beskryf sal dit wees: VREDE. Dink maar aan 'n paar Bybelse karakters wat diep behoeftes gehad het en daardie innerlike vrede ontvang het. As ons aan Salus van Tarsus dink en al die Christene wat hy vermoor het voordat hy 'n Christen geword het, kan ons net 'n vae begrip kry van die skuldgevoel en selfverwyt wat hom aanhoudend geteister het. Hy was werklik bedroef en het berou gehad omdat hy so opgetree het, hy het vergifnis gevra en dit ontvang. Hy het innerlike vrede ontvang en 'n geestelike reus geword en 'n belangrike apostel van die Here Jesus Christus.

Dink aan die vrou wat egbreuk gepleeg het. Sy het sonder twyfel verdoeming en skaamte ondervind, maar Jesus het gesê: **"….Vrou waar is daardie beskuldigdes van jou? Het niemand jou veroordeel nie?" (Joh.8:10)**

Koning Dawid het nie net owerspel gepleeg nie, maar hy het ook Batseba se man laat vermoor. Sy buite-egtelike babaseuntjie het gesterf. Hy was sekerlik oorweldig met pynlike en skandelike herinneringe. Nogtans het die Here sy seer hart genees en Dawid het ontwikkel tot 'n man na God se hart. In Ps.16:9 skryf Dawid **"Daarom is my hart bly en my eer juig."** Hy het innerlike vrede ontvang. Dawid het geweldige berou gehad en gepleit dat God hom moes vergewe, en hy het dit ontvang.

Petrus het 'n diep skaamte ervaar en berou gehad omdat hy Jesus verloën het, maar hy het vergifnis en vrede ontvang en was uiteindelik so stabiel, dat Jesus hom 'n rots genoem het. Die Here wil aan elkeen van ons hierdie selfde vrede in ons harte gee. Die Bybel beloof vir ons in Fil.4:7 **"…. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte, en sinne bewaar in Christus Jesus."**

"U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U." Jes.26:3.

Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie. Joh. 14:27.

Vir meer inligting oor hierdie onderwerp kry ons boekie "Innerlike Genesing, Hoe om die verlede te begrawe, Die Krag van Vergifnis en Oorwinning oor depressie." □

FAITH
UNWAVERING AND STEADFAST

Before anyone can have unwavering faith for healing, they need to be free from all doubt with regards to God's WILL in the matter. **Faith cannot extend beyond your knowledge of the revealed will of God, as described in His Word.** So, before exercising your faith for healing, you need to know what the Scriptures teach on the subject, and I can assure you, that the Word confirms that it is just as much God's will to heal your body as it is to heal your soul. Scripture which declares this fact, will forever establish this truth in your heart. It is only by being **sure** of that which God promises concerning that which you are seeking, can all doubt disappear and be replaced by unwavering faith. Each of His promises in His Word is a revelation of what God desires to do for us, and until we know what God's will is, there is nothing upon which to base our faith. It is important for those who are seeking healing, to have their minds renewed by the Word, so that their understanding is in agreement with the mind of God as revealed in the Bible. The necessary faith required for receiving God's promised blessings, is the result of **knowing and acting** upon God's Word . The "renewed mind" makes unwavering faith possible for all.

And be not conformed to this world: but be ye transformed by the renewing of your mind, that ye may prove what is that good, and acceptable, and perfect, will of God (Rom. 12:2). It is by the revelation of God's Word, which comes through reading and hearing it, that faith grows and becomes unwavering faith. **So then faith *cometh* by hearing, and hearing by the word of God. (Rom. 10:17).**

I do not doubt God's promises to heal for a moment, when I pray for the sick! No matter what the sickness or problem is, I simply **know** with an inner certainty, that God wants to heal, its His desire to heal the sick! We receive many testimonies from people all over the country and beyond our borders, telling of the miraculous that has taken place in their lives, because they have unwaveringly trusted God's Word. Most of these people we have never even seen! And all the honour and glory is His alone!

Biblical truths written in our books, together with "the prayer of faith" have brought healing to many thousands of sufferers, who could not have recovered without God's Divine intervention by the Holy Spirit, in the Name of Jesus. Again I say, to God be all the glory.

And whilst we rejoice in these miracles, we know that the greatest miracle of all is the one which determines our eternal destiny. The salvation of one lost soul is so much more precious than physical healing. However, Jesus paid for both our Eternal salvation and our physical and emotional healing on the cross, His broken Body paid for all

(Continued from page 4-Faith unwavering and steadfast)
our physical needs and His shed Blood paid for all our spiritual needs. Our book, "The Lord's Table and Healing" deals at length with this subject, and you will be greatly blessed by reading it, as the "seed" of His Word for healing begins at the Cross of Calvary.

Jesus said, **"The Word is the seed" (Luke 8:11).** It is the seed of the Divine Life, and until the person seeking healing is convinced from God's Word that it **IS** God's will to heal him, he will be trying to reap a harvest where no seed has been planted. It would be impossible for a farmer to have faith for a harvest until he knew the seed had been planted.

It is God's will that the seed of His Word is planted in your heart,(in this case pertaining to healing), before you harvest. How can there be a harvest without the planting of the seed? His will, which is His Word, must first be known and acted upon. Jesus said, **If ye continue in My word, *then* are ye My disciples indeed; And ye shall know the truth, and the truth shall make you free. (John 8:31-32).**

Freedom from sickness comes from knowing the truth and acting upon it. God always confirms His Word. He watches over it to perform it! **So shall My word be that goeth forth out of My mouth: it shall not return unto Me void, but it shall accomplish that which I please, and it shall prosper *in the thing* whereto I sent it. (Isa. 55:11)**

We read with great joy the words of the Holy Spirit in Psalm 107:20: **"He sent His Word and it healed them".** All His work is done in faithfulness to His Word and promises.

Before a sick person can **know** that it is God's will to heal him, the "seed" of God's Word concerning healing has to be planted in his heart and mind. God's promise in His Word is not harvested until it is known and received and trusted. No sinner can become a Christian before he knows that it is God's will to save him. It is the Word of God planted and watered and trusted without wavering, which heals both soul and body. The "seed" must be kept watered in order for it to produce its harvest.

For one to say, "I believe the Lord is able to heal me" before he knows from God's Word that he is willing to heal him, is like saying, "I believe God is able to give me a harvest, without any seed being planted and watered." God cannot save a man's soul until the man knows that he is a sinner and that God wants to save him, because we receive salvation by faith, that is, by trusting the known will of God. The same applies to being healed.

Praying for healing yet saying the faith destroying words, "if it be Thy will" is not planting the "seed" - it is destroying the seed! "The prayer of faith" which heals the sick follows on **after** the planting of the "seed" or Word upon which unwavering faith is based. It is the gospel which the Holy Spirit says, **"is the power of God unto salvation, (Rom. 1:16)** for both physical and spiritual. And the gospel in its fullness is for "Every creature" and for "all nations." The gospel does not leave man with uncertainty regarding God's will for healing, because it tells him what God's will is. The Holy Spirit's words, **"Himself bare our sicknesses" (Matt. 8:17),** are just as truly a part of the gospel as His words, **"Who His own self bare our sins in His own body on the tree" (1 Peter 2:24).**

We must **know** what the benefits of Calvary are before we can receive them by faith. David says of God in **Psalm 103:3: "Who forgiveth all thine iniquities, who healeth all thy diseases."**

After receiving revelation from God's Word on healing, our attitude toward sickness should be the same as our attitude toward sin. Our determination and desire to have our body healed should be as definite as our purpose to be free of sin. We should embrace the whole gospel. Jesus Christ, our Substitute bore both our sins and our sicknesses that we might be delivered from them. Christ's bearing of our sins and sicknesses is surely a valid reason for trusting Him now for deliverance from both. When, in prayer, we ask God to forgive our sins, we believe, on the authority of His Word, that our prayer is heard and our sins are forgiven. We are to do the same when praying for healing.

When we know the promises of God, then, by believing that our payer is heard, we know that we have the answer even before we experience it. Jesus said in Mark 11:24: **Therefore I say unto you, What things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive them, and ye shall have them.**

We must, however be aware that we will nullify these promises if we continue to confess and repeat the negative and destructive words which unbelievers proclaim over us.

Between the time we purposefully commit to God the healing of our body, and the completion of our healing, we can, and should, learn one of the most valuable lessons of our Christian life: **Cast not away therefore your confidence, which hath great recompense of reward. For ye have need of patience, that, after ye have done the will of God, ye might receive the promise. Hebrews 10:35-36.**

After Jonah had prayed for mercy, he did not cast away his confidence because there seemed to be no visible proof that his prayer had been answered. No, he held fast his confidence and acted upon the fact that he had done so, demonstrated by his sacrifice of thanksgiving in advance (Jonah 2:9).

God's promises are fulfilled as we see and act upon eternal truths, in other words on His promises and His faithfulness, and are not influenced or affected by temporal things which oppose God's truth. God always fulfills His promises when we trust Him and are obedient to His Word. Mark 11:4 says: **Therefore I say unto you, What things soever ye desire, when ye pray, believe that ye receive *them,* and ye shall have *them.***

"With long life will I satisfy him" is God's promise to all **(Psalm 91:16).**

There are also important instructions from God regarding healing in **Proverbs 4:20-21: Attend to My Words; incline thine ear unto My sayings. Let them not depart from thine eyes; keep them in the midst of thine heart. For they are life unto those that find them, and health to all their flesh."**

The Word of God cannot be health to either soul or body before it is heard, received, and attended to. Notice here that the Words of God are **life** only to those that **"find"** them. If you want to receive life and healing from God, take time to find the words of Scripture which prom-

(Continued on page 6)

(Continued from page 5 - Faith unwavering and steadfast...)
ise this truth. When God's Word becomes health to all your flesh, that cancer will go, that tumor will go, that diabetes will go. We have seen the Word, when it is received and acted upon, produce these results thousands of times. We need to **"find"** and **"attend"** to the scriptures in God's Word which produce healing, if it is healing we desire. Then we are to stand on His promises. This is God's way for us to receive the blessings which He has provided for us.

God says that when we do this, His Words are made **"health to all our flesh."** It does not matter what sickness or disease it is, God says, **"Health to all their flesh."** Whose flesh? Those who **"find"** and **"attend"** to the Words of God. So then, God tells us exactly how to **"attend"** to His Words. He says **"Let them not depart from thine eyes, keep them in the midst of thine heart."** Instead of having your eyes on your symptoms and being preoccupied with them, let not God's Word **"depart from thine eyes",** that is, look at them continually and, like Abraham, grow strong in faith by looking at the promises of God and at nothing else. Just as only way seed can do its work is by being kept in the ground and watered, so the only way that God's **"imperishable seed"** can **"effectually work in us"** is by its being kept **"in midst of our hearts."** This does not mean occasionally, but continuously. The reason why many have failed is because they have not done this. When we attend unto God's Words by not letting them depart from before our eyes and by keeping them in the midst of our hearts, the seed is then in **"good ground,"** the kind of ground in which, Jesus says, **"it bringeth forth fruit,"** and where Paul says, **"it effectually worketh."** When the farmer gets his seed into the ground, he does not dig it up every day to see how it is doing, but says, "I am glad that is planted" and believes the seed has begun to grow. Why not have the same unwavering faith in the **"imperishable seed"** – Jesus Christ's Words- which He says are **"spirit and life," (John 6:63)** and why not believe that they are already doing their work, without waiting to see. If the sower of the seed, without any Divine promise, can have faith in nature why can't the Christian have faith in the God of Nature?

The Psalmist said, **"Thy Word hath quickened me."(Ps. 119:50).** Paul tells us that it is the **"Word which effectually worketh in them that believe" (1 Thess. 2:13).** Every Word of God is **"spirit and life"** and will work in us when we receive and **"attend"** to it. When we receive and obey the Word of God, we can say with Paul, **"the power of God worketh in me mightily."(Col. 1:29)** Thus the Word of God becomes the Power of God. It is **"spirit and life."** If a field in which the seed has been sown could talk to us, it would say, **"The seed worketh in me mightily."**

This passage in Proverbs chapter 4, instructs us how we are to obtain results from the promises in God's Word:

There must be the attentive ear. **"Incline thine ear unto My sayings."**

There must be the determined look. **"Let them not depart from thine yes."**

There must be the embracing heart. **Keep them in the midst of thine heart."**

When your eyes are upon your symptoms and your mind is occupied with them more than with God's Word and you continually speak of them, then you have the wrong seed in the ground for the harvest that your desire. You have sown seeds of doubt. You are trying to raise one kind of a crop from another kind of seed. It is impossible to sow tares and reap wheat. Your **symptoms** may point you to death, but **God's Word** points you to life, and you cannot focus on these two opposite directions at the same time.Which kind of seed have you in the ground? "**Let not God's Word depart from thine eyes; keep it in the midst of thine heart."** That is, look steadfastly and continuously and only at the promises God gives for your faith to remain unwavering. God says to all those who are sick, **"every one that looketh shall live."(Num. 21:8)** The word **"looketh"** is in the continuous present tense. Keep on looking! It does not mean a mere glance, but it means, **"Let His Words not depart from thine eyes; keep them in the midst of thine heart."** The pull of "reasoning" and "justifying" that demand our attention are exceedingly powerful. But it must be our Heavenly Father Who speaks, and to Whose Words we give heed, because the whole of Heaven is behind His Words. They have been spoken by our infallible Creator and are of quickening and invigorating virtue. They are life to such as find them, and health not only to the soul, but to the body; not to a particular part of it, but to **"all their flesh."** Here is a medicine for all the flesh, from your head to your feet. Here is a Physician of infinite ability – **"Who healeth all your diseases."** Then when you have planted your seed, you must believe it is growing before you actually see it appear above the ground. This is faith which is **"the evidence of things not seen."(Heb. 11:1)**

In Jesus, we have perfect evidence for faith. Every man and woman can dispel their doubts by looking **steadfastly** and only at the evidence which God has given for our faith. Seeing **only** what God says, will produce and increase faith. This will make it easier to believe than to doubt; for the evidences for faith are so much stronger than those for doubting. Don't doubt God's promises which are forever established, doubt your doubts for they are unreliable.

What a blessing our faith is to Jesus! There is Life, light, liberty, love, joy, guidance, wisdom, understanding, perfect health – in fact everything, in Him, as we look to the Crucified One with faith that is unwavering.

He said in **Luke 18:8, Nevertheless when the Son of man cometh shall He find faith on the earth?** No one ever looks in vain unto the Great Physician.

Every one that looked at the Brazen serpent – the type of Christ crucified – lived. **"And their faces were not ashamed,"** (denied), says the Psalmist.

They were all, humanly speaking, incurable, but they were both forgiven and healed by looking upon the cross. He who puts his trust in Jesus has no need to be ashamed of his confidence. Time and eternity will both prove His reliability and faithfulness. □



uit **Dr James se kantoor**

Geliefdes in Jesus,

Hoe langer my dae, hoe meer besef ek elke nuwe dag, die geweldige belangrikheid, betekenis en onberekenbare waarde van die Kruis van Jesus Christus op Golgota! Die voltooide werk van ons Verlosser aan die kruis is 'n volmaakte werk, volmaak in elke opsig vir alles wat ons ooit sal benodig terwyl ons hier op Aarde is en vir die Ewigheid. Soos Paulus kan ek verklaar: **Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld. Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde (Gal. 6:14 en 1 Kor. 2:2).**

Soos hierdie maand se twee artikels leer, kan genesing na gees , siel en liggaam – emosioneel en fisies – slegs ontvang word deur die prys wat Jesus gewillig was om aan die kruis te betaal. En Hy het Sy lewe gewilliglik neergelê, en Homself as 'n lewende menslike offer gegee om dit moontlik te maak!

Met dit in gedagte, was ek werklik geseën deur 'n brief wat ek onlangs ontvang het, en ek wil dit graag met julle deel:

Liewe Dr James en Meg,

Dit was ‘n roerende ondervinding om u boek Die Nagmaal en Genesing te lees. Voorheen (vir baie jare) het ek weggeskram van die verskrikking en lyding van die hele kruisingsgebeure. Dit was net te erg. Ek wou nie daaroor dink nie. Maar u deeglike mediese uiteensetting van al die fisiese wonde aan Jesus en hulle gevolge het my tot stilstand en besinning gebring. Ek is diep onder die indruk van die verskriklikheid van die liggaamlike marteling. Die besef van die wonderlike geskenk van ons verlossing en genesing wat God en Jesus aan ons gegee het, het baie diep deurgedring. Baie dankie vir u besielde en besielende skrywe. ‘n Treffende aspek van Jesus se lyding is duidelik gestel deur ‘n skrywer Emmet Fox. “Terrifying as physical pain may be, the worst physical suffering is not nearly so bad as mental suffering. On the cross Jesus had to tune in with all the fear, resentment, remorse, lust and terror, past, present and future, and rise above it. And that He did.” (Diagrams for living deur Emmet Fox.) Daarbenewens die vernederings, belediging en sielswroegings soos vertolk deur Kathleen Ferrier in die hartverskeurende lied “He was despised” uit Handel se Messias. Soos u, sê hy ook by elkeen van ons moet ‘n kruisiging ‘n opstanding voorafgaan.

U het ons genooi om gedagtes met u te wissel. Baie dankie vir u liefde, vermanings en bemoedigings.

Christus groete

M C

Wat 'n groot offer het ons liefdevolle Hemelse Vader gemaak deur Sy enig gebore Seun Aarde toe te stuur om vir die sondige mens te sterf, en wat 'n groot offer het Sy Seun gemaak deur aan Sy Vader gehoorsaam te wees en Sy lewe vir ons neer te lê. Ons reaksie op so 'n liefde moet vir seker 'n lewe van danksegging en aanbidding wees!

Weereens wil ek julle uit die diepte van my hart dank dat julle dit vir ons moontlik maak om aan te hou om die Goeie Nuus van die Evangelie van ons Here Jesus te versprei, soos Hy ons beveel het om te doen volgens Mark. 16: 15-18. Ons wil ook hê dat julle moet weet hoeveel jul gebedes, aanmoediging en ondersteuning vir ons beteken en hoe baie ons julle liefde en getrouheid waardeer. Ons bid dat ons Hemelse Vader julle oorvloedig sal seën, en mag Sy guns julle deel wees soos julle aanhou om Hom lief te hê en te dien.

Baie liefdegroete.

Dr James

NUWE BOEKE BESKIKBAAR

DEFEATING DEPRESSION
by Dr J J van Zyl
Book 72 – R20.00

OORWINNING OOR DEPRESSIE
Boek 73 - R20.00

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Liewe Dr James en almal by die Sentrum. Ek het Maandag / Dinsdag na julle gebel en gevra vir voorbidding vir 'n familie krisis – slegte verhoudings. Dr James se dogter Chantal het vir my oor die foon gebid vir hierdie saak. Só opreg en innig. Prys die Here! Wonderwerk! Die Here is besig om te werk! En baie goeie dinge al gebeur! Dankie! Dankie vir jul getroue gebede! Jul sal geseënd wees! Groete in Jesus! Hy's wonderlik en doen wonderwerke!

Susan (Vrystaat)

Ek wil net dankie sê vir julle gebede vir my ma. Laasjaar het sy erge pyn gehad en daar is toe vasgestel dat sy 'n niersteen, 11,1mm x 8mm groot, het. Hulle het die niersteen met laser geskiet en 'n stent in die nier gesit. Dit het tot die gevolg gelei dat sy 'n hele klomp kere by Universitas Hospitaal in Bloemfontein was. Die 16de van verlede maand was ons weer daar vir haar laaste ondersoek sodat die dokters kon kyk of daar nog nierstene oor is. Ons het vroeg gery sodat ons nie lank hoef te wag om 'n dokter te sien nie, alhoewel ons, ons voorberei het vir 'n lang dag. Die HERE se Guns was egter met ons en het die dokters vroeg kon help. 'n Baie gawe dokter het my ma gehelp. Hy het haar soos 'n mens behandel en nie soos iemand wat van die staat se medies gebruik maak nie. Hy het haar deeglik geondersoek en toe vir haar die goeie nuus gegee dat sy geen nierstene het nie. Hy't wel gesê dat daar 'n 50% kans bestaan dat daar weer nierstene binne vyf jaar kan ontstaan maar my ma het vir hom gesê nee JESUS het haar genees. Ons kan GOD nie genoeg dank daarvoor nie en ons wil julle ook bedank vir die gebede wat julle opgedra het aan ons VADER. Dankie vir al die gebede wat jy vir almal regoor die land (en oor die wêreld opdra) dit is definitief 'n GOD's Gawe en HY sal julle oor en oor met SY Goedheid en Guns seën. Dankie nogmaals vir als, as daar gebede is wat julle wil hê laat ons weet en ons sal bly wees om julle ook by te staan. JESUS Liefde!

Drikus Pretorius en ma Altea

My suster Johlia se bloedtelling het geval van oor die 400 (kanker in die 4de graag) tot normaal op 35! Dit is vanaf Februarie toe ek u gekontak het tot nou! As dit nie 'n getuie het van ons alomteenwoordige Vader nie, weet ek nie – alle eer aan Hom.

Mev J Ferreira, Margate

I wish to express the grateful thanks of both my wife and myself for your prayer support. A few months ago we requested for my son Julian and his wife Jenny who are working in Stockholm, Sweden and who were in urgent need of accomodation. Although accomodation is extremely scarece in that city, we are grateful for God's favour. We have now received word that they were able to find accomodation. We wish you God's blessing.

Albert and Martelle Titus

Dr James, baie dankie dat u vir my gebid het vir die suiker! O, ONS DIEN 'N WONDERLIKE EN ALMAGTIGE God! My oë en my toon nie meer rooi en geswel nie. Ek wil ook baie dankie sê vir u boekies wat die Bybel so goed vir ons uitlê. Ek is so bly dat ons by u ingeskakel is en dat ons so oneindig baie by u leer. Ek versprei elke maand u nuusbrief en boekies wat ons klaar gelees het, vir die pastore in ons gemeskappe hulle is so gretig om meer en meer van die Here te leer. Hulle gebruik die stukke in die nuusbrief as hul preek op 'n Sondag. Hulle is werklik honger vir die Woord. Baie, baie dankie dat u so getrou vir ons almal bid.

Mnr en Mev T Ferreira

Twee jaar gelede het ons die Sentrum gevra om saam met ons te bid vir Werner se spraak, hy was toe vier jaar oud en sy uitspraak van sommige woorde was baie onduidelik. Vandag wil ons Abba Vader en uself bedank, Werner praat te pragtig, hyis tans in graad R en is baie lief vir skool. Sy onderwyseres het ook aan hom 'n Bybel gegee waarop Werner baie trots is. Al die eer aan ons Vader! Ps. 50:15.

Mnr en Mev Claassens, Pietersburg

Baie dankie vir gebede en boekies wat ek ontvang het ek waardeer dit baie. Op die 24ste April het die chirurg aan my ander bors gesny, en niks kwaardaardig gevind ek kon maar net weereens voor die dokters die Naam van die Here groot maak. Hierdie dokter staan verstom dat ek na vyf jaar met 'n verspreide kanker oorleef het. Loof die Here, wat Sy Woord uitgestuur het om te genees!!

Mev F Johnson, Beuafort Wes